Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Verwysing: 20160524-0708
12/12/45/P
Navrae: Distriksdirekteure

Omsenbrief: 0011/2017
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, en Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van alle openbare skole

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief stel die "Riglyne oor Sosiale Media en Sosiale Netwerking in Openbare Skole, 2017" in die Wes-Kaap bekend.*

Onderwerp: Die Riglyne oor Sosiale Media en Sosiale Netwerking in Openbare Skole, 2017 in die Wes-Kaap

1. Die groei in digitale tegnologie en die toename van sosialemedia-platforms oor die afgelope paar jaar het die manier waarop mense kommunikeer en inligting deel totaal hervorm.

2. Wanneer dit in 'n skoolomgewing gebruik word, hou dit eindelose voordele vir leerders in, maar die vervaging van sosiale en professionele grense moet egter vermy word omdat dit tot lastige of andersins onvanpaste onthullings kan lei.

3. Riglyne is dus ontwikkel ten einde bewustheid te skep van die potensiële voordele en risiko's wat met sosiale media en sosiale netwerking geassosieer word en om leiding oor die gebruik van sosiale media tussen leerders, leerders en opvoeders, en tussen 'n ouer van 'n leerder en 'n opvoeder by 'n openbare skool te bied.

4. Die aangehegte riglyne dek die volgende aspekte:
   (a) Gebruik van sosiale media en sosiale netwerking
   (b) Sosiale media en onderwys
   (c) Rolle en verantwoordelikhede
   (d) Nadele van sosiale media

(e) Templaat vir die opstel van 'n skoolbeleid oor sosiale media en sosiale netwerking
(f) Veiligheidsrisiko's met betrekking tot die gebruik van sosiale media en sosiale netwerking deur leerders

5. Let asseblief daarop dat advertensies van 'n politieke of seksuele aard, of die bevordering van die gebruik van drank, tabak of enige verwante produkte op enige van die skool se sosialemedia-platforms nie toegelaat word nie.

6. Prinsipale word vriendelik versoek om die aangehegte riglyne onder die aandag van lede van die personeel en beheerliggame te bring.

GETEKEN: L ELY
WAARNEMENDE HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2017-03-17

Wes-Kaapse Regering

Onderwys

Direktoraat: Beleidskoördinering

RIGLYNE OOR SOSIALE MEDIA EN SOSIALE NETWERKING IN OPENBARE SKOLE, 2017

Inhoud **Bladsy**

1.	Definisies	3
2.	Wetsraamwerk	3
3.	Doel	4
4.	Omvang	5
5.	Inleiding	5
6.	Gebruik van sosiale media en sosiale netwerking	5
7.	Sosiale media en onderwys	6
8.	Rolle en verantwoordelikhede	7
9.	Nadele van sosiale media	12
10.	Hersiening van die riglyne	12

Bylaes

Bylae A: Templaat vir die opstel van 'n skoolbeleid oor sosiale media en sosiale netwerking

Bylae B: Veiligheidsrisiko's met betrekking tot die gebruik van sosiale media en sosiale netwerking deur leerders

1. Definisies

In hierdie riglyne het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis geheg is, dieselfde betekenis as wat daaraan geheg is, en tensy dit uit die inhoud anders blyk:

"kind" beteken 'n persoon wat jonger as 18 jaar is;

"kuberafknouery" verwys na opsetlike en herhaalde leed wat deur middel van rekenaars, selfone en ander digitale toestelle aangedoen word;

"sosiale media" beteken 'n versameling interaktiewe aanlyn platforms en instrumente wat deur individue, groepe en organisasies gebruik word om inhoud, profiele, menings, insigte, ervarings, perspektiewe en media te deel. Dit maak die skep en uitruil van gebruikergeskepte inhoud moontlik;

"sosialenetwerk-webwerf" beteken 'n webgebaseerde diens wat individue in staat stel om:

(a) 'n openbare of halfopenbare beeld te bou;
(b) kontakte of vriende met ander gebruikers te deel; en
(c) hul lyste met kontakte of vriende en dié wat deur ander binne die stelsel gemaak is te besigtig; die aard en terminologie van hierdie kontakte of vriende mag van webwerf tot webwerf verskil; en

"toegang" beteken die reg, geleentheid of befondsingsmiddele, of herwinning van inligting.

2. Wetsraamwerk

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996

United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989

Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)

Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)

Wes-Kaapse Provinsiale Wet op Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)

Western Cape Government Social Media Policy, 2014

Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005)

Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996)

Wet op Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011)

Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)

Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007)

Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978)

Children's Act, 2005 (Wet 38 van 2005)

Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasie en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, 2002 (Wet 70 van 2002) (RICA)

Guidelines on e-Safety in Schools, Departement van Basiese Onderwys, 2010

3. Doel

3.1 Die doel van hierdie riglyne is om:

(a) bewustheid te skep van sommige van die geleenthede wat deur sosiale media vir leerders, opvoeders, ouers en skole binne die leeromgewing gebied word, insluitende–

(i) die potensiële voordele en risiko's verbonde aan hierdie instrumente;

(ii) leiding oor die gebruik van sosiale media tussen leerders, leerders en opvoeders, asook tussen 'n ouer van 'n leerder en 'n

opvoeder by 'n openbare skool; en

(b) openbare skole te help om elk'n eie beleid te ontwikkel ten einde die gebruik van sosiale media en sosiale netwerking by hierdie skole te reguleer.

4. Omvang

Hierdie riglyne is van toepassing op alle leerders en werknemers by openbare skole in die Wes-Kaap.

5. Inleiding

5.1 Die groei in digitale tegnologie en die toename in sosialemediaplatforms oor die afgelope paar jaar het 'n omwenteling teweeggebring in die manier hoe mense kommunikeer en inligting deel.

6. Gebruik van sosiale media en sosiale netwerking

6.1 Sosiale media behels eienskappe soos:

(a) *deelname,* deur bydraes en terugvoer van ander aan te moedig*;*

(b) *deursigtigheid,* deur stemmery, kommentaar en deling van inligting aan te moedig*;*

(c) *gesprekvoering,* tweerigtinggesprekvoering word aangemoedig;

(d) *gemeenskap,* geskep deur mense met gedeelde belangstellings; en

(e) *verbondenheid,* koppel individue met ander mense en verskillende hulpbronne.

6.2 Werknemers en leerders by openbare skole moet die volgende behoorlik oorweeg wanneer hulle sosiale media en sosiale netwerk-webwerwe gebruik:

(a) Soos met alle aanlyn kommunikasie-instrumente moet die sosialemedia-omgewing so bestuur word dat dit nie allesoorheersend

word nie.

(b) Outeursregwetgewing moet in gedagte gehou word.

(c) Waar bronne op hoegenaamd enige manier gebruik word, moet erkenning aan alle sodanige bronne gegee word.

(d) Sonder die toestemming van die skrywer mag veranderinge aan enige werk, kommentaar of plasing die reputasie van die skrywer asook ander partye raak.

(e) Privaatheid en omsigtigheid moet verantwoordelik toegepas word, aangesien enige kommunikasie na ander gebruikers aangestuur en/of in die openbare domein geplaas mag word.

(f) Die vervaging van sosiale en professionele grense moet vermy word, aangesien dit tot lastige of onvanpaste onthullings kan lei, byvoorbeeld wanneer aktiwiteite soos om mekaar op sosiale media uit te nooi, met mekaar te skakel of mekaar te volg tussen opvoeders en leerders op sosiale media aangehits word, moet opvoeders besef dat aspekte van hul profiel vir ander gebruikers beskikbaar en sigbaar kan wees.

(g) Alle gebruikers behoort hulself vertroud te maak met privaatheidstellings en die deel van inligting wat hulle dalk nie in die openbare domein wil hê nie, vermy.

(h) Alle gebruikers behoort versigtig te wees om nie onvanpaste beeldmateriaal of boodskappe wat hul reputasie later in hul lewens mag skaad te deel nie.

7. Sosiale media en onderwys

7.1 Wanneer dit in 'n skoolomgewing gebruik word, hou dit talle voordele vir leerders in. Onder andere sluit dit geleenthede vir akademiese en sosiale

ondersteuning in, vernaamlik:

(a) die gebruik van nuwe sosiale en ontspanningsmedia as leer-webwerwe wanneer leerders aanlyn skakel en sosiale en tegnologiese vaardighede verwerf wat nodig is om aan die hedendaagse samelewing deel te neem;

(b) 'n verskeidenheid vorme van sosialemediageleetterdheid aangesien aanlyn interaksies van suiwer vriendskapsgedrewe tot belangstellingsgedrewe strek en elk mag tot voordeel strek van leerders wat sosialisering en opvoeding vir deelname aan toekomstige sosiale of werkomgewings betref; en

(d) die veranderende aard van onderwys waarin deelname aan sosiale media belangrike nuwe leergeleenthede bied wat via die nuwe sosiale instrumente deur onderwyspraktyke benut kan word.

8. Rolle en verantwoordelikhede

8.1 Openbare skole moet:

(a) 'n beleid oor die gebruik van sosiale media opstel en publiseer;

(b) gebruikers inlig dat lasterlike, verkleinerende, vals of beledigende kommentaar wat op die skool se *Facebook*-bladsy of soortgelyke platforms geplaas en soortgelyke inligting wat daarop gedeel word deur die administrateur daarvan verwyder sal word;

(c) leerders en werknemers in verband met gepaste etiket vir aanlyn aktiwiteite sensitiseer;

(d) spesifiseer wanneer en vir watter doel die gebruik van sosialemediaplatforms binne skoolverband aanvaarbaar is;

(e) verseker dat aanlyn aktiwiteite wat deur die opvoeders beplan word slegs webwerwe vir die toepaslike ouderdomme insluit;

(f) leerders en werknemers opvoed oor kritiese denkvaardighede, digitale geletterdheid en aanlyn veiligheidsmaatreëls, om hulle in staat te stel om veilig deur die aanlyn wêreld te beweeg;

(g) leerders en werknemers aanmoedig om verantwoordelik op te tree en van die gevolge geassosieer met die gebruik van sosiale media bewus te wees;

(h) seker maak dat leerders van die potensiële negatiewe gevolge van Internetgebruik bewus is;

(i) leerders op 'n manier wat by hul ouderdom pas leer oor die risiko's en gevare verbonde aan die gebruik van sosiale media, veral wanneer sommige van die risiko's en gevare in sowel die huis- as die skoolverband voorkom (bv. kuberafknouery), soos onder andere in Bylae B na verwys word; en

(j) leerders en werknemers by 'n openbare skool adviseer oor gedrag wat strydig met die Gedragskode vir leerders of die Gedragskode vir werknemers mag wees, asook strawwe wat opgelê mag word in die geval van oortredings van hierdie gedragskodes waar die oortreder aan wangedrag of ernstige wangedrag ingevolge hierdie kodes skuldig bevind word.

8.2 Die Veiligeskoolkomitee

(a) Alle openbare skole mag 'n span binne die Veiligeskoolkomitee saam stel om e-veiligheid te bestuur.

(b) Hierdie span mag bestaan uit:

(i) 'n lid van die skoolbestuurspan;
(ii) die netwerkadministrateur;
(iii) 'n IT-opvoeder;
(iv) 'n opvoeder – bibliotekaris/berader/lewensvaardighede-opvoeder;
(v) 'n verteenwoordiger van die beheerliggaam;
(vi) 'n lid van die verteenwoordigende leerderraad; en
(vii) ander toepaslike kundiges, waar uitvoerbaar.

(c) Die hoofdoel van die span sal die ontwikkeling, implementering en toepassing van 'n aanvaarbare sosialemediabeleid wees wat deur die Gedragskode vir leerders en werknemers by die openbare skool ondersteun word, en om te verseker dat:
(i) alle rolspelers by die skool bewus gemaak word van die inhoud van die beleid en gevolge wat waarskynlik uit nienakoming sal voortvloei;
(ii) ouers aangemoedig word om redelike stappe te doen om te verseker dat leerders die beleid binne en buite die skoolterrein nakom; en
(iii) alle belanghebbers ingelig word oor die tipes voorvalle wat potensieel tot strafmaatreëls en moontlik strafregtelike aanspreeklikheid mag lei.

8.3 Die werknemer

(a) Wanneer sosiale media buite die klaskamer vir opvoedkundige doeleindes gebruik word, moet sodanige aanlyn media as 'n verlengstuk van die klaskamer beskou word en gevolglik moet die volgende in gedagte gehou word:
(i) Wat in 'n klaskamer toelaatbaar is, is aanlyn aanvaarbaar en enigiets wat in 'n klaskamer ontoelaatbaar is, sal ook aanlyn onaanvaarbaar wees.

(ii) Soos in paragraaf 6.2 aangedui is, behoort werknemers nie op sosiale media met leerders bevriend te raak nie, behalwe op webwerwe wat spesifiek vir professionele doeleindes bedoel is.

(iii) Werknemers behoort nooit aanlyn kommunikasie op 'n individuele basis met 'n leerder te hê nie, maar altyd in groepsverband, vir opvoedkundige doeleindes en om inligting te deel.

(b) Die opvoeder moet:

(i) bewus wees dat aanlyn aktiwiteite 'n uitwerking mag hê op sy of haar persoonlike reputasie, beeld en vermoë om met kollegas en leerders te verkeer;

(ii) ter aller tye professioneel en hoflik wees;

(iii) die behoefte aan diskresie en vertroulikheid ten opsigte van persoonlike inligting en ander sensitiewe inligting wat dalk nie vir openbare bespreking gepas is nie, respekteer;

(iv) binne redelike perke poog om neutraal, objektief en professioneel te bly oor kwessies wat aangebied en bespreek word op opvoedkundige platforms of webwerwe wat vir opvoedkundige doeleindes bedoel is;

(v) enige materiaal wat as aanstootlik, onvanpas, ontoepaslik, onhoflik of andersins hinderlik vir ander gebruikers is, oordeelkundig verwyder.

8.4 Leerders

(a) Wanneer leerders sosiale media gebruik, behoort hulle vriendelik, eerlik en billik te wees.

(b) Leerders behoort te besef dat, hoewel sosiale media maklik is om te gebruik, informeel, vinnig en goedkoop is, dit nie beteken dat hulle die toepaslike reëls kan verontagsaam nie.

(c) Leerders behoort baie aandagtig te lees en seker te maak dat hulle die inhoud van die aanlyn gesprek verstaan voordat hulle deelneem, veral ten einde:

(i) te bepaal wie die potensiële gehoor is;

(ii) vas te stel of daar 'n goeie rede is om kommentaar te lewer of te reageer;

(iii) feitelike inligting wat nie misleidend of onwaar is nie te skryf; en

(iv) te erken as 'n fout deur hul kommentaar of reaksies gemaak is, en onmiddellik daarop te reageer.

(d) Leerders behoort slegs waardevolle, feitelike en nievertroulike inligting of perspektiewe op sosialemediawebwerwe te deel.

(e) Leerders moet leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir hul eie optrede en betrokkenheid op sosiale media, en veral dat hulle daarvoor verantwoordelik is om:

(i) toestemming vir die gebruik van intellektuele eiendomsregte van 'n derde party, skool of werknemer, insluitende outeursreg, patente, handelsmerke en video's te kry; en

(ii) te besef dat dit onwettig is om iemand se reputasie of waardigheid te skend, en dat dit as teistering beskou word om iets wat 'n ander persoon mag benadeel (hetsy geestelik, sielkundig of fisies) op sosiale media te plaas, te deel of aan te dui dat hulle daarvan hou.

(f) Leerders behoort gelei te word om:

(i) te besef hoe noodsaaklik dit is om die mees geskikte kommunikasie-instrumente vir hul opvoedkundige en sosiale ervarings te kies; en

(ii) verantwoordelikheid te aanvaar en onvanpaste gedrag of dade wat die skool en hul medeleerders negatief mag raak, aan te meld.

(g) Leerders behoort betrokkenheid by riskante of onwettige dade of gedrag te vermy, veral ten opsigte van die volgende:

(i) betrokkenheid by identiteitsdiefstal;

(ii) deelname aan haat- of kultuswebwerwe;

(iii) koop of verkoop van gesteelde goedere;

(iv) onthulling van persoonlike inligting of bekendmaking van vertroulike finansiële inligting met betrekking tot bank- en kredietkaarte deur onveilige bedrieglike webwerwe te gebruik; en

(v) publisering van inligting wat 'n ander individu in die verleentheid mag stel en sy of haar reputasie mag skend.

9. Nadele van sosiale media

9.1 Leerders behoort daarvan bewus gemaak te word dat elektroniese boodskappe wat op sosiale media geplaas word oordraagbare kommunikasierekords is en nadelig vir die reputasie van 'n individu, die skool of die Wes-Kaap Onderwysdepartement kan wees.

9.2 Hulle behoort daarvan bewus gemaak te word dat daar geen verwagting van privaatheid ten opsigte van plasings op aanlyn sosialemediawebwerwe kan wees nie, en dat elke individuele gebruiker vir sy of haar woorde en dade verantwoordelik is en daarvoor aanspreeklik gehou mag word.

9.3 Leerders behoort die wêreldwye omvang van sosiale media in gedagte te hou, en wanneer hulle op sosialemediawebwerwe deelneem, moet hulle hul plasings gepas wysig of beperk om seker te maak dat, al is die gehoor beperk, hul plasings nie misverstaan of wanvertolk sal word of onwettig sal wees nie.

10. Hersiening van die riglyne

Hierdie riglyne moet hersien word wanneer die behoefte ontstaan, of in die geval van veranderde omstandighede, insluitende veranderings aan wetgewing en/of regulasies en begrotingsomstandighede.

TEMPLAAT VIR DIE OPSTEL VAN 'N SKOOLBELEID OOR SOSIALE MEDIA EN SOSIALE NETWERKING

[Naam van Skool
Adres en telefoonnommer
Skool se logo]

BELEID OOR SOSIALE MEDIA EN SOSIALE NETWERKING, 2017

1. Definisies

Die volgende woorde en terme het dieselfde betekenis as wat in die Riglyne vir Sosiale Media en Sosiale Netwerking daaraan geheg is:

"kind" beteken 'n persoon wat jonger as 18 jaar is;

"kuberafknouery" verwys na opsetlike en herhaalde leed wat deur middel van rekenaars, selfone en ander digitale toestelle aangedoen word;

"sosiale media" beteken 'n versameling interaktiewe aanlyn platforms en instrumente wat deur individue, groepe en organisasies gebruik word om inhoud, profiele, menings, insigte, ervarings, perspektiewe en media te deel. Dit maak die skep en uitruil van gebruikergeskepte inhoud moontlik;

"sosialenetwerk-webwerf" beteken 'n webgebaseerde diens wat individue in staat stel om:

(a) 'n openbare of gedeeltelik-openbare beeld te bou;
(b) kontakte of vriende met ander gebruikers te deel; en
(c) hul lyste met kontakte of vriende en dié wat deur ander binne die stelsel gemaak is te besigtig; die aard en terminologie van hierdie kontakte of vriende mag van webwerf tot webwerf verskil; en

"toegang" beteken die reg, geleentheid of befondsingsmiddele, of herwinning van inligting.

2. Wetsraamwerk

Hierdie beleid word onder meer gesteun deur:
Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996
United Nations Convention on the Rights of the Child, 1989
Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)
Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998)
Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)
Western Cape Government Social Media Policy, 2014
Wet op Elektroniese Kommunikasie, 2005 (Wet 36 van 2005)
Wet op Films en Publikasies, 1996 (Wet 65 van 1996)
Wet op Beskerming teen Teistering, 2011 (Wet 17 van 2011)

Strafproseswet, 1977 (Wet 51 van 1977)
Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007 (Wet 32 van 2007)
Wet op Outeursreg, 1978 (Wet 98 van 1978)
Children's Act, 2005 (Wet 38 van 2005)
Wet op die Reëling van Onderskepping van Kommunikasie en Verstrekking van Kommunikasie-verwante Inligting, 2002 (Wet 70 van 2002)
Riglyne oor e-Veiligheid in Skole, Departement van Basiese Onderwys, 2010

3. Doel

Die doel van hierdie beleid is om:

(a) die gebruik van sosiale media en sosiale netwerking by **[naam van die skool]** te reguleer;
(b) die geleenthede wat multimedia-geletterdheid kan bied, op 'n verantwoordelike en respekvolle wyse aan leerders te bied ten einde die onderrig- en leeromgewing in ons skool te verryk;
(c) die verantwoordelikhede en gedrag te skets wat van werknemers, leerders en hul ouers as gebruikers van sosiale media en sosiale netwerking verwag word, in die besonder dat:
    (i) alle lede van die **[naam van die skool]**-gemeenskap en verteenwoordigers van die skool verantwoordelikheid aanvaar vir die inhoud wat aanlyn geskryf, opgeneem, vertoon, geplaas of gekommunikeer word;
    (ii) hulle ter aller tye goeie oordeel en gesonde verstand aan die dag moet lê by oorweging van enige van die aktiwiteite in subparagraaf (i) genoem;
    (iii) deelname op sosiale media en sosialenetwerk-webwerwe tot die oortreding van skoolreëls en die leerders se Gedragskode mag lei, of strydig met bestaande wette mag wees; en
    (iv) die gebruik van of deelname op hierdie webwerwe nie die skool se naam negatief mag raak of die skool se reputasie mag skaad nie.

4. Omvang

Hierdie beleid is van toepassing op alle werknemers, leerders en hul ouers by **[naam van die skool]**.

5. Sosiale media en sosiale netwerking

Sosiale media en sosiale netwerking word gebruik om:

(a) aan aanlyn kommunikasie deel te neem ten einde 'n belangstelling te deel en kennis te verwerf of te deel;
(b) musiek, kunsvideo's of menings te deel, saam te werk aan werk of besprekings en by mekaar te leer;

(c) te sosialiseer deur kontak te hou met bestaande vriende en nuwes te vind, en om die bevordering van 'n saak of produk te kanaliseer;
(d) gebruikers in staat te stel om vinnig en doeltreffend met mekaar te skakel, veral in 'n professionele omgewing;
(e) professionele of persoonlike doelwitte na te streef deurdat gebruikers hul menings, waardes en ervarings deel, of indrukwekkende aanlyn CV's skep; en
(f) met lewenslange leer te help en praktykgemeenskappe te skep.

6. Aspekte vir oorweging in ons skoolomgewing

Werknemers, leerders en hul ouers by **[naam van die skool]** moet die volgende behoorlik by die gebruik van sosiale media en sosialenetwerk-webwerwe oorweeg:

(a) Soos met alle aanlyn kommunikasie-instrumente moet die sosialemedia-omgewing bestuur word sodat dit nie allesoorheersend word nie.
(b) Daar moet op outeursregwetgewing gelet word wanneer hierdie media gedeel word, en ook dat verandering aan enige werk, kommentaar of plasing sonder toestemming van die skrywer die reputasie van die skrywer en ander partye kan raak. Toestemming moet ter aller tye verkry word.
(c) Privaatheid en omsigtigheid moet toegepas word, aangesien enige kommunikasie wat vir ander gebruikers gestuur en/of in die openbare domein geplaas word, erkenning van die bron moet gee.
(d) Sosialemedia-netwerke is dikwels sigbaar vir mense in die gebruiker se professionele asook persoonlike lewe. Hierdie vervaging van sosiale en professionele grense kan tot lastige of onvanpaste onthullings lei, byvoorbeeld wanneer opvoeders en leerders mekaar op sosiale media uitnooi of met mekaar skakel, moet hulle besef dat aspekte van hul profiel vir ander leerders en werknemers sigbaar is.
(e) Gebruikers moet hulself vertroud maak met privaatheidstellings en die deel van inligting wat hulle dalk nie in die openbare domein wil hê nie, vermy.
(f) Gebruikers moet beeldmateriaal of onvanpaste boodskappe wat 'n ander individu se reputasie later in sy of haar lewe in gedrang mag bring, vermy of nie deel nie.

7. Verantwoordelikhede met betrekking tot sosiale media en sosiale netwerking

7.1 Die skool

Die skool moet 'n beleid oor die gebruik van sosiale media opstel en dit formeel daarstel ten einde:

(a) leerders en werknemers in verband met gepaste etiket vir elke aanlyn omgewing te sensitiseer; leerders op te voed oor kritiese denkvaardighede en digitale geletterdheid om hulle in staat te stel om veilig deur die aanlyn wêreld te beweeg;

(b) leerders te lei om die behoefte te begryp om die mees geskikte kommunikasie-instrumente vir hul opvoedkundige en sosiale ervarings te kies;
(c) seker te maak dat leerders van die potensiële negatiewe gevolge van Internetgebruik bewus is;
(d) leerders op 'n manier wat by hul ouderdom pas te leer oor die risiko's en gevare verbonde aan die gebruik van sosiale media, veral as sommige van die risiko's en gevare in sowel die huis- as die skoolverband voorkom (bv. kuberafknouery);
(e) leerders aan te moedig om verantwoordelik op te tree en bewus te wees van die gevolge wat met die gebruik van sosiale media geassosieer word;
(f) te spesifiseer wanneer en om watter doel die gebruik van sosialemedia-platforms aanvaarbaar is;
(g) te verseker dat aanlyn aktiwiteite wat deur opvoeders beplan word slegs webwerwe vir die gepaste ouderdomme insluit;
(h) leerders te lei om verantwoordelik te wees en onvanpaste gedrag of dade wat die skool en hul medeleerders negatief mag beïnvloed, te rapporteer;
(i) leerders en werknemers te adviseer oor gedrag wat strydig mag wees met die Gedragskode vir leerders asook strawwe wat opgelê mag word as hulle aan wangedrag of ernstige wangedrag ingevolge die kode, en van oortredings van toepaslike wetgewing in die geval van werknemers, skuldig bevind word;
(j) 'n prosedure in breë trekke te beskryf vir voorvalle wat 'n potensiaal vir strafregtelike aanspreeklikheid mag hê;
(k) voorvalle met kinderbeskermingskenmerke te akkommodeer;
(l) leerders en werknemers in te lig oor die beleid en seker maak dat die beleid dwarsdeur die skool sigbaar gemaak word; en
(m) 'n addendum vir ondertekening deur elke ouer, opvoeder en leerder in te voeg.

7.2 Die Veiligeskoolkomitee

(a) 'n Span binne die Veiligeskoolkomitee van **[naam van die skool]** moet e-veiligheid te bestuur.
(b) Die span mag bestaan uit:
[(i) 'n lid van die skoolbestuurspan
(ii) die netwerkadministrateur
(iii) 'n IT-opvoeder
(iv) 'n opvoeder – bibliotekaris/berader/lewensvaardighede-opvoeder
(v) 'n verteenwoordiger van die beheerliggaam
(vi) 'n lid van die verteenwoordigende leerderraad; en
(vii) ander geskikte kundiges, waar doenlik.]

(c) Die hoofverantwoordelikheid van die span sal die ontwikkeling, implementering en toepassing van 'n aanvaarbare sosialemedia-beleid wees wat deur die Gedragskode vir leerders en werknemers by **[naam van die skool]** ondersteun word, en om te verseker dat:

(i) alle rolspelers by **[naam van die skool]** bewus gemaak word van die inhoud, die beleid en gevolge wat waarskynlik uit nienakoming sal voortvloei;

(ii) ouers aangemoedig word om redelike stappe te doen om te verseker dat leerders die beleid binne en buite die skoolterrein nakom; en

(iii) alle belanghebbers ingelig word oor die tipes voorvalle wat potensieel tot strafmaatreëls en moontlik strafregtelike aanspreeklikheid mag lei.

7.3 Verantwoordelikheid van 'n leerder

Leerders moet geleer word om:

(a) die wêreldwye omvang van sosiale media in gedagte te hou en hul plasings gepas te wysig of te beperk;

(b) vriendelik, eerlik, billik, deeglik en deursigtig te wees wanneer hulle sosiale media gebruik;

(c) te onthou dat hoewel die gebruik van sosiale media maklik, informeel, vinnig en goedkoop mag wees, is hierdie elektroniese boodskappe permanente, oordraagbare rekords wat die reputasie van die skool kan raak;

(d) toestemming te kry vir die gebruik van intellektuele eiendomsregte van 'n derde party of werknemer, insluitende outeursreg, patente, handelsmerke en video's;

(e) te weet dat dit onwettig is om:

(i) by identiteitsdiefstal betrokke te raak;

(ii) aan haat- of kultuswebwerwe deel te neem;

(iii) gesteelde goedere op webwerwe te koop of te verkoop;

(iv) persoonlike inligting te onthul of vertroulike finansiële inligting met betrekking tot bank- en kredietkaarte bekend te maak deur onveilige bedrieglike webwerwe te gebruik; en

(v) inligting wat 'n ander individu se reputasie of waardigheid in gedrang mag bring te publiseer; dit word ook as teistering beskou om iets te doen wat hulle weet benadeling van 'n ander persoon kan veroorsaak, hetsy geestelik, sielkundig of fisies.

7.4 Verantwoordelikheid van die werknemer

(a) Die werknemer moet nooit aanlyn kommunikasie op 'n individuele basis met 'n leerder hê nie, maar altyd in groepsverband, vir opvoedkundige doeleindes en om inligting te deel.

(b) Die werknemer moet nooit leerders op sosiale media nooi of volg nie, behalwe op webwerwe wat spesifiek vir professionele doeleindes in 'n groepopset ontwerp is.

7.5 Verantwoordelikheid van die opvoeder

Die opvoeder moet:

(a) leerders lei om te verstaan dat wat in 'n klaskamer toelaatbaar is, aanlyn aanvaarbaar is en enigiets wat in 'n klaskamer ontoelaatbaar is, ook aanlyn onaanvaarbaar is;

(b) bewus wees dat aanlyn aktiwiteite 'n uitwerking mag hê op hul persoonlike reputasie, beeld en vermoë om met kollegas en leerders te verkeer;

(c) professioneel en hoflik wees wanneer hulle aanlyn met ander partye kommunikeer;

(d) die behoefte aan diskresie en vertroulikheid respekteer met betrekking tot persoonlike inligting en ander sensitiewe inligting wat dalk nie vir openbare bespreking gepas is nie;

(e) binne redelike perke poog om neutraal, objektief en professioneel te bly oor kwessies wat aangebied en bespreek word op opvoedkundige platforms of webwerwe wat vir opvoedkundige doeleindes bedoel is; en

(f) enige materiaal wat as aanstootlik, onvanpas, ontoepaslik, onhoflik of andersins hinderlik vir ander gebruikers is, oordeelkundig verwyder.

8. Nienakoming

Nienakoming deur leerders en werknemers moet ingevolge die skool se Gedragskode vir leerders, die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998) en die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994) hanteer word.

9. Implementering van die beleid

Dui aan **[wie, wat, wanneer en hoe]**, en sluit in **[kommunikasie met leerders en ouers]**.

10. Implementeringsdatum

[……]

…….. ……..

Voorsitter: Beheerliggaam **Prinsipaal**

……

Sekretaris van die Beheerliggaam

VEILIGHEIDSRISIKO'S MET BETREKKING TOT DIE GEBRUIK VAN SOSIALE MEDIA EN SOSIALE NETWERKING DEUR LEERDERS, 2017

1. Inleiding

1.1 Die vinnige ontwikkeling van elektroniese toegang, sosialenetwerk-webwerwe en wydverspreide toegang tot mobiele telefonie bied kragtige maniere om digitale inligting en inhoud in Suid-Afrika te deel.

1.2 Hierdie digitale mediums skep egter ook 'n aanlyn arena vir risiko.

1.3 Daar is wel tallose voordele verbonde aan die gebruik van sosiale tegnologie, insluitende:

(a) lonende sosiale kontakte en vriende;
(b) skep van geleenthede vir akademiese en sosiale ondersteuning; en
(c) identiteitsverkenning en transkulturele interaksie,

maar sosiale media het die potensiaal om leerders bloot te stel aan hoërisiko-inhoud en individue met wie hulle andersins nie kontak sou gehad het nie.

2. Risiko's verbonde aan sosiale media en sosiale netwerking

Die dikwels ongesensureerde en ongemoniteerde aard van die kuberomgewing kan leerders aan verskeie gevare blootstel, waarvan enkeles hieronder kortliks gedefinieer word.

2.1 Kuberafknouery

(a) Die tradisionele opvatting van afknouery van aangesig tot aangesig het uitgebrei tot in die digitale ruimte waar aflyn afknouery na kennisse en vreemdelinge aanlyn uitgebrei word.

(b) Hoewel afknouery 'n verskynsel is wat al lank voor die bestaan van selfone en die Internet bestaan het, vererger die twee mediums die probleem deur 'n nuwe kanaal te skep waardeur afknouery kan plaasvind.

(c) Wanneer kuberafknouery deur telefoonmediums of aanlyn geskied, word dit vergemaklik deur die skynbare anonimiteit en afstand van die slagoffer.

(d) Dit het in Suid-Afrika 'n veiligheidsrisiko geword onder seuns en dogters wat slagoffers is van aanlyn bekruipery (*stalking*), teistering en kuberafknouery, met gevolglike emosionele stres; meestal gepleeg deur stemoproepe, teksboodskappe en kitsboodskappe.

2.2 Geweld

Die term "geweld" moet so vertolk word dat dit die impak van en die behoefte om aandag te skenk aan niefisiese en/of onopsetlike vorms van benadeling, soos onder andere verwaarlosing en sielkundige mishandeling en veral geestelike geweld, insluit. Dit sluit in sielkundige afknouery en bespotting deur volwassenes of ander kinders, insluitende via inligtings- en kommunikasietegnologieë soos selfone en die Internet (ook bekend as kuberafknouery).

2.3 *Sexting*

(a) *Sexting* is die stuur van naak- of halfnaakfoto's of -video's en seksueel suggestiewe boodskappe per selfoonteks of kitsboodskap.

(b) Hierdie tipe kommunikasie met kinders jonger as 16 jaar word volgens die Suid-Afrikaanse reg as 'n strafbare misdaad beskou.

2.4 Beeldmateriaal en video's wat seksueel eksplisiet is en kindermishandeling uitbeeld

(a) Toegang tot en die gebruik van sosiale media bied geleenthede vir kinders om aanlyn aan inhoud wat ontstellend, skadelik en onvanpas vir hul ouderdom is, blootgestel te word.

(b) Daar was egter onlangs pogings deur die regering om kinders teen skadelike aanlyn inhoud te beskerm deur wetgewing oor selfoonpornografie wat dit vir Internet- en selfoondiensverskaffers onwettig maak om pornografie te versprei of toe te laat dat dit versprei word, ten einde die beskerming van kinders en vroue te verseker.

2.5 Praat met en ontmoet vreemdelinge

(a) Die digitale wêreld bied aan individue 'n geleentheid om idees en inhoud uit te ruil sonder om persoonlik te ontmoet.

(b) Die deel van aanlyn inligting en om aanlyn te gesels kan dikwels daartoe aanleiding gee dat individue mekaar persoonlik ontmoet.

(c) Hierdie praktyk het ongelooflike gevolge gehad vir kinders wat besluit het om aanlyn vriende persoonlik te ontmoet.

(d) Dit lei tot sekere aanlyn risiko's, soos wanneer leerders toegang tot digitale platforms verkry deur hul ouderdom aanlyn te vervals, en volwassenes wat hul inligting en ouderdom dalk vervals om hulle as tieners voor te doen en sodoende skadelike aanlyn verhoudings met niksvermoedende kinders aanknoop.

2.6 Plagiaat en persoonlike verantwoordelikheid

(a) Jongmense wat musieklêers aflaai en uitruil, tuiswerkopdragte van ander individue se werk kopieer of volledige opdragte by aanlyn "kulwebwerwe" koop, ignoreer outeursregwetgewing wat op die

Internet van toepassing is en dra by tot misdade soos roofkopiëring van musiek, beeldmateriaal, video's of sagteware op 'n onwettige en oneerlike wyse.

(b) Gedokumenteerde toestemming word vereis vir die gebruik van derdepartyregte of intellektuele eiendomsregte wat aan iemand anders behoort, insluitende outeursreg, patente, handelsmerke, foto's of video's en ander ontasbare eiendom.

(c) Dit is noodsaaklik dat 'n gebruiker eers toestemming kry voordat foto's of video's van ander gebruikers op die Internet geplaas word.